# Laerskool Northmead

Tel: (011) 849-7621
e-mail: admin@lsnorthmead.co.za
e-mail: info@lsnorthmead.co.za

Posbus347
Benoni
1500

17 November 2021

Geagte Ouers

Hartlike dank en waardering vir die ouers wat die moeite gedoen het om die Begrotingsvergadering op 15 November by te woon. Jul belangstelling word opreg waardeer.

**Skoolfooie vir 2022 soos goedgekeur deur die ouers op die vergadering gehou op Maandag 15 November 2021.**

***<u>Nota 1:</u>* DIE R 1 500 AANVANGSFOOI IS VERPLIGTEND VIR AL DIE LEERLINGE**
(Let wel: die <u>Aanvangsfooi is Januarie</u> se skoolfonds)

***<u>Nota 2:</u>* Alle skoolfooie is VOORUITBETAALBAAR, d.w.s. u betaal aan die begin van die maand vir die maand wat kom, voor die 5de van die nuwe maand.**

***<u>Nota 3:</u>* Indien leerders eers vanaf Februarie (of later) die skool, kleuterkool of naskool bywoon, gaan die bedrae verskil. Kontak asb. die skool vir daardie bedrae.**

*****BELANGRIK: Maak asb. nou al voorsiening vir Januarie 2022. U kry wel grasie om die aanvangsfooi tot 15 Januarie te betaal, maar onthou: Februarie se fooi/e is teen 5 Februarie betaalbaar. *****

******* LET WEL : GEEN REëLINGS sal in 2022 getref word om 'agteruit' te betaal nie. *******

## <u>Skoolfonds Gr 1-7:</u>

**Totaal vir die jaar:** R 16 250.00

Aanvangsfooi : R 1 500.00 (betaalbaar vanaf nou tot 15 Januarie 2022)
Maandeliks : R 1 475.00 (betaalbaar vanaf Februarie tot November, **voor 5de van die maand**)

**Korting:**

- Indien die volle bedrag voor 31 Januarie 2022 betaal word, word korting van R 1 625.00 (10%) toegestaan : bedrag betaalbaar R14 625.00 *(Let wel : hierdie bedrag <u>sluit reeds die Aanvangsfooi IN</u>**).*
- Indien die volle bedrag voor 28 Februarie 2022 betaal word, word korting van R815.00 (5%) toegestaan : bedrag betaalbaar R15 435.00 *(Let wel : hierdie bedrag <u>sluit reeds die Aanvangsfooi IN</u>**).*
  *** Indien Aanvangsfooi reeds betaal is, word dit afgetrek van die totale bedrag betaalbaar.*

## <u>Kleuterskool (Gr 0, 00, 000)</u>

**Totaal vir die jaar:** R 16 600.00

Aanvangsfooi : R 1 500.00 (betaalbaar vanaf nou tot 15 Januarie 2022)
Maandeliks : R 1 510.00 (betaalbaar vanaf Februarie tot November, **voor 5de van die maand**)

**Korting:**

- Indien die volle bedrag voor 31 Januarie 2022 betaal word, word korting van R1 660.00 (10%) toegestaan : bedrag betaalbaar R 14 940.00 *(Let wel : hierdie bedrag <u>sluit reeds die Aanvangsfooi IN</u>**)*
- Indien die volle bedrag voor 28 Februarie 2022 betaal word, word korting van R830.00 (5%) toegestaan : bedrag betaalbaar R 15 770.00 *(Let wel : hierdie bedrag <u>sluit reeds die Aanvangsfooi IN</u>**)*
  *** Indien Aanvangsfooi reeds betaal is, word dit afgetrek van die totale bedrag betaalbaar.*

## <u>Naskool Alle grade</u>

**Totaal vir die jaar:** R 11 605.00

Maandeliks : R1 055.00 (Betaalbaar oor 11 maande vanaf Januarie tot November, **voor 5de van die maand**)

**Korting:**

- Indien die volle bedrag voor 31 Januarie 2022 betaal word, word korting van R 1 60.00 (10%) toegestaan : bedrag betaalbaar R 10 445.00.
- Indien die volle bedrag voor 28 Februarie 2022 betaal word, word korting van R 580.00 (5%) toegestaan : bedrag betaalbaar R 11 025.00.

**<u>Kleuterskool en Naskool:</u>**

Ouers word aan die volgende herinner:

1. U moet **1 maand skiftelik kennis gee** indien die leerder nie meer die Kleuterskool/ Naskool gaan bywoon nie. ***U sal verantwoordelik gehou word vir die betaling van die kennismaand se skoolfooie.***
2. Indien die betaling nie voor of op die **5de van die maand** ontvang is nie, sal sodanige leerling nie tot die klas toegelaat word nie en u sal saam met die maand se staat skriftelik (per epos of sms) in kennis gestel word en ook telefonies versoek word om die betrokke leerder/s by die skool te kom afhaal. **Leerder/s sal eers weer toegelaat word nadat die rekening TEN VOLLE vereffen is*. LET WEL: Indien 'n leerder 3 keer aanmanings ontvang het a.g.v. uitstaande betalings , sal die leerder permanent die Kleuterskool of Naskool geweier word. Geen reëlings om 'agteruit' te betaal!***

Die uwe

________________________

FJ Pieters
Hoof

Beheerliggaam: Johan Pieters (Hoof), Ian Cox, (BL Voorsitter), Eilandia van Greuning (Sekretaresse), Deon Labuschagne (Finansiële Voorsitter), André Nieuwoudt, Dr André van Zyl, Danelle Steyn, Elmarie Pieters, Dave Prinsloo, Madelein Matthyssen, Jackie Venter
**Web : www.lsnorthmead.co.za**